NG Kerk se worsteltye openlik en en onderhoudend vertel

André Blom

RADIO

G'n MENS of groep kan 'n ander persoon of instansie bloot aansê om belydenis te doen oor iets wat as verkeerd beskou word nie.

Jy moet self in jou hart oortuig voel dat jy jou dwaling besef en daaroor wil praat. Soos vir die individu, geld dit ook vir 'n kerk.

Die teoloog prof. Willie Jonker was aan die woord in Daniel Hugo se program *Leeskring* (RSG, Dinsdae 15:05), toe hy kom praat het oor sy boek *Selfs die Kerk kan Verander*, wat onlangs verskyn het.

Politieke tydsgewrig

Wanneer 'n leser 'n onderhoudende geskrif opneem, word hy of sy op die skrywer se ervaringspad geplaas, maar wanneer die skepper van só 'n boek sélf daaroor praat, soos in 'n onderhoud van hierdie aard, kan daardie belewenis nóg sterker wees. Veral as dit gaan oor 'n sensitiewe onderwerp soos die kerk en die politieke tydsgewrig.

Prof. Jonker het onderhoudend en met openheid vertel van die moeilike tye waarmee die NG Kerk moes worstel, veral oor die beskuldiging dat regverdiging op teologiese vlak gesoek is vir die instandhouding van apartheid in die staatsbestel.

In hierdie opsig het hy dan ook, weens sy kritiek oor die kerk se rigiede siening, in hewige spervuur beland uit die oord van sy meer behoudende broeders, soos dr. Koot Vorster, wat hom selfs sy predikantstatus laat verloor het...

'n Opspraakwekkende insident in hierdie tyd van interne stryd binne die NG Kerk, was sekerlik sy "Rustenburgse belydenis" (1990), sê prof. Jonker, wat toe reeds ervaring as prediker en dosent in Nederland opgebou het.

Hy het dit in sy hart gevoel om by daardie kerkvergadering namens homself as vrye mens, sy kerk, en die Afrikaner, die dwaling oor apartheid as struktuur in ons samelewing te bely.

Hy sê hy glo "'n muur kan net deurgebreek word as daar erken word daar's foute begaan..." Al was daar kritiek teen sy optrede, het dit tóg nie op dowe ore geval nie.

Dis goed dat Daniel Hugo nie net fiksie-skrywers 'n spreekbeurt in *Leeskring* gun nie.

'Om te Onthou'

Om te bely oor verlore geleenthede in menslike verhoudings, en dan veral binne die intieme gesinsverband, was gisteraand ter sprake in RSG se *Radioteater* (Dinsdae 21:15), *Om te Onthou*, deur Johann Stassen.

Die dramatiese gegewe wentel om die bejaarde, terminaal-sieke oudstryder Karel, wie se gesinslede se laaste besoek aan hom in die waaksaal, die óú pyn van oënskynlike liefdeloosheid, miskenning, en gebrekkige kommunikasie, sterk in die kollig stel.

Die skrywer wissel die tonele langs Karel se hospitaalbed beurtelings af met terugflitse na die verlede om die verhouding met sy vrou, Lida, sy materialistiese seun, Charl, en dié se lydsame vrou, Charmaine, asook Karel se lieflingdogter, Lindie, uit te beeld.

Regte gesinswaardes

Die komende dood van die vader wat in sy lewe altyd wou oorheers, eis bestekopname van almal se eie onderlinge verbondenheid... en vrae oor Lindie wat juis haar ouerhuis permanent verlaat het oor die gebrek aan die regte gesinswaardes en -kommunikasie.

In die waaksaal-tonele loop die ironie deurgaans sterk.

Die skrywer laat die Karel personasie hoor en begryp wat sy mense langs sy bed sê, maar in die toestand van koma, bereik sy eie gedagteflitse nie die omstanders nie...

Die trauma van die vader se naderende dood bring uiteindelik begrip en besinning oor hul eie lewens by die onderskeie gesinslede, en in die dramatiese slottoneel raak Karel sélf met sy vervreemde Lindie in die dood versoen.

Die regisseur, Eben Cruywagen, het gewaak teen oordramatisering van die gegewe en het gesorg dat sy spelers 'n natuurlike aanslag handhaaf.

Stemmingsvol

Voortreflike spel is gelewer deur die veterane Joey de Koker (Lida) en André Rossouw (Karel), bygestaan deur Albert Maritz (Charl), Joanie Combrinck (die jong Lida), Jan Ellis (die jong Karel), Susanne Beyers (Charmaine), Juanita Swanepoel en Deon Lotz.

Die byklanke was funksioneel en die musiek, wat spesiaal geskryf en uitgevoer is deur Florence Stassen, was stemmingsvol en gepas.